DIE uitblinkers van 2009

Twee soetwyne – 'n muskadel en edellaatoes – en 'n Chardonnay was die vyfster-uitblinkers tydens die afgelope 12 maande se watterwyn proeë. Hierdie bevestig die soms onderskatte feit dat Suid-Afrika van die beste soetwyne in die wêreld produseer, terwyl sy wynmakers ook al hoe meer die fyner kunsies van gehoute Chardonnay bemeester.

WATTERWYN se proeë is uniek in die sin dat wyne wat op die winkelrak in drankwinkels en by supermarkte vir die publiek beskikbaar is, hier geproe word. Daar is geen inskrywingsfooi nie, want die wyne word om die beurt deur die paneellede aangekoop – 'n paneel wat bestaan uit 'n groep permanente proeërs en 'n tweetal gasproeërs, wat wynmakers en Kaapse Wynmeesters insluit.

Hierdie proeë het drie 5-ster, 13 x 4½-ster wyne en 52 x 4-ster wyne opgelewer uit 'n totaal van 180 wyne. Die top wyne het ongeveer een derde van die wyne wat geproe is uitgemaak. Die bepaling van die stertoekenning berus op 'n konsensusbesluit van die paneel.

Onder die 4½-ster wyne is daar 'n goeie verspreiding oor al die wynstyle – Sauvignon Blanc, Chardonnay, Chenin Blanc, Rooi versnitwyn, Cabernet Sauvignon, Merlot, Pinotage, Cabernet Franc en Edellaatoes met een wyn elk, terwyl Sémillon en Shiraz onderskeidelik twee en drie wyne opgelewer het.

Die verspreiding onder die 4-ster wyne lyk soos volg:
Rooi versnitwyne – 10, Sauvignon Blanc – 5, vier wyne elk vir MCC, Chenin Blanc, Wit versnitte, Chardonnay en Shiraz, Cabernet Sauvignon – 3, Pinot Noir – 2, Port – 2, en een elk vir Rhine Riesling, Viognier, Special Late Harvest, Merlot, Barbera, Pinotage, straw wine en Muskadel.

Hierdie wyne was ook 'n lus vir die oog en tong, met 'n ewe diverse spektrum van wynstyle en kultvars. Rooi versnitwyne was los voor in die ster toekennings, terwyl die paneel aangenaam verras was deur die wit versnitwyne, die Pinot Noirs en die enkel wyne van Barbera, Viognier, Rhine Riesling en Special late harvest.

Soos verwag, het die MCC-wyne, Sauvignon Blanc, Chenin Blanc, Chardonnay, Shiraz en Port hul kwota uitblinkers opgelewer. Cabernet Sauvignon, Merlot en Pinotage was egter nie so volop in die 4-ster groep soos mens sou verwag nie.

Interessante kommentaar van die paneel deur die loop van die jaar was die feit dat heelwat ouer wit en rosé-wyne op die rakke van handelaars te koop was. In sommige gevalle het die ouer wyne verras, soos ons wel in die top klas wyne kan sien, maar te gereeld was die wyne al oor hul beste.

– Bennie Howard, voorsitter van die watterwyn-paneel: Desember 2009

2009 Topwyne

WYN	OESJAAR	STER	PRYS
De Morgenzon Chardonnay	2008	5	R71.05
Nederburg The Winemaster's Selection Noble Late Harvest	2008	5	R59.99
Nuy Wit Muscadel	2001	5	R69.90
Cederberg Ghost Corner Sémillon	2008	4½	R137.28
Dombeya Samara	2005	4½	R81.15
Ataraxia Chardonnay	2008	4½	R175.00
Nitida Sauvignon Blanc	2008	4½	R79.99
Stellenzicht Shiraz	2005	4½	R69.99

WYN	OESJAAR	STER	PRYS
Boschkloof Syrah	2005	4½	R105.95
De Grendel Merlot	2006	4½	R64.95
Raka Biography Shiraz	2006	4½	R94.95
Hartenberg Cabernet Sauvignon	2005	4½	R97.95
L'Avenir Pinotage	2001	4½	R210.00
Withington Sémillon	2008	4½	R49.00
Buitenverwachting Cabernet Franc	2005	4½	R96.00
Nederburg Noble Late Harvest	2007	4½	R65.00
Kumkani Infinity Brut MCC	2004	4	R82.45

WYN	OESJAAR	STER	PRYS
Villiera Sauvignon Blanc Bush Vine	2009	4	R68.86
Groote Post Chenin Blanc	2009	4	R42.54
Rijks Iceberg White	2005	4	R64.05
Alvi's Drift Chardonnay/Viognier	2008	4	R57.00
Bon Courage Cabernet Sauvignon	2006	4	R57.05
Plaisir de Merle Chardonnay	2008	4	R74.99
Pongraçz MCC Rosé	2009	4	R99.95
Dornier Merlot	2004	4	R72.99
Longridge Shiraz	2007	4	R119.99
Beaumont Hope Marguerite Chenin Blanc	2008	4	R105.00
Oak Valley White Blend	2007	4	R133.00
Hermanuspietersfontein Die Martha	2006	4	R129.00
Sir Lambert Sauvignon Blanc	2008	4	R89.99
Flagstone Noon Gun	2008	4	R37.99
Graham Beck Brut Rosé	2007	4	R179.99
Kaapzicht Bin 3 Cabernet Sauvignon/ Merlot	2006	4	R54.99
Hoopenburg Chardonnay Bush Vine	2006	4	R60.99
Nature in Concert Pinot Noir	2007	4	R149.99
Plaisir de Merle Cabernet Sauvignon	2006	4	R119.99
Alexanderfontein Shiraz	2007	4	R50.95
Zorgvliet Silver Myn Merlot/ Cabernet Franc	2006	4	R64.99
Steenberg 1682 Brut MCC	N/V	4	R110.95
Boschendal Shiraz/Cabernet Sauvignon	2005	4	R78.95
Hazendal Straw Wine	2005	4	R112.95
Lammershoek Roulette Blanc	2007	4	R95.00
The Auction Crossing Viognier	2008	4	R63.00

WYN	OESJAAR	STER	PRYS
Vriesenhof Pinot Noir	2006	4	R183.00
Le Bonheur Prima	2006	4	R87.00
Swartland Port	N/V	4	R38.00
Perdeberg Reserve Chenin Blanc	2007	4	R39.95
Rietvallei Rhine Riesling	2008	4	R21.95
Fryers Cove Bamboes Sauvignon Blanc	2008	4	R94.95
Thelema Chardonnay	2007	4	R89.90
Beyerskloof Pinotage	2007	4	R39.95
Anura Sauvignon Blanc	2007	4	R85.95
Kanu Chenin Blanc	2007	4	R40.95
Plaisir de Merle Chardonnay	2007	4	R77.95
Diemersfontein Heaven's Eye	2007	4	R74.95
Nederburg Special Late Harvest	2007	4	R35.95
Vergelegen Shiraz	2004	4	R185.95
Meerlust Rubicon	2004	4	R252.95
Weltevrede Ouma se Wyn	2006	4	R47.95
Boplaas Port	2003	4	R164.95
Altydgedacht Barbera	2002	4	R70.00
Stellenbosch Hills Cabernet Sauvignon	2006	4	R54.99
Le Riche Cabernet Sauvignon/Merlot	2005	4	R89.99
Altydgedacht Sauvignon Blanc Reserve	2007	4	R71.00
Spier Private Collection Chardonnay	2006	4	R104.00
Max (Miles Mossop)	2005	4	R142.50
Graham Beck The Ridge Syrah	2002	4	R202.00
De Krans Vintage Reserve Port	2004	4	R174.00

paarllabels
where printing is personal

watterwyn?

WynLand se maandelikse wynevaluasie van produkte beskikbaar op die winkelrak.
aangebied in samewerking met Paarl Labels

De Morgenzon Chardonnay

Strooigeel kleur met 'n uitgesproke neus van ryk sitrusgeure en 'n ligte botteragtigheid afgerond met 'n titsel spesery. Op die smaak spring die geure na vore. Gekonsentreerde hout- en vruggeure is perfek in balans. Die suur rond die wyn skitterend af en die wyn het 'n heerlike ryk en gladde nasmaak wat afgesluit word met die mooi sitrus- en vanieljegeure.

2008 5 sterre R71.05 Chardonnay



David Nieuwoudt Ghost Corner Sémillon

Lig strooigeel kleur. Pragtige vars Sémillon-geure ontvou uit die glas. Groen brandnetelgeure gekombineer met sitrusbloeisels, selfs 'n titsel fynbos daarmee saam. Dan verras die wyn verder op die smaak met al die bogenoemde geure perfek in balans met die hout. Elegant, maar terselfdertyd ook ryk en met die soepelheid van 'n koel klimaat Sémillon.

2008 4½ sterre R137.28 Ander Wit

Dombeya Samara

Diep donkerrooi kleur met 'n heerlike neus van blou/swartbessies, cassis en speserye. Op die smaak ontvou die geure selfs verder. Groot, ryp, sagte tannien saam met die mooi hout/vrug-balans dra by tot 'n wyn met 'n pragtige struktuur en 'n lang nasmaak.

2005 4½ sterre R81.15 Rooi Versnit

Kumkani Infiniti Brut MCC

Liggeel kleur met fyn borreltjies. Ryp appels en Mariebeskuitjie-geure op die neus, wat voortgesit word op die smaak. Lieflike mousse met ryk geure insluitend 'n bietjie verouderingskarakter met goeie suurbalans, mooi intensiteit en 'n lang nasmaak.

2004 4 sterre R82.45 MCC

Villiera Sauvignon Blanc Bush Vine

Ligte strooigeel kleur met 'n groen tint. Pragtige Sauvignon Blanc-neus met appelliefie en grenadella. Die wyn is skoon en vars op die smaak met 'n mooi sitrusagtigheid en mineraalagtigheid wat deurslaan. Die wyn het 'n goeie suurbalans, volop vrugtegeure en 'n netjiese lang nasmaak.

2009 4 sterre R68.86 Sauvignon Blanc

Groote Post Chenin Blanc

Lig strooigeel kleur met ryp tropiese geure op die neus en dan ook koejawel en pynappel. Die wyn het intense geure op die smaak, baie goeie vrug/suurbalans en 'n mooi lang nasmaak. 'n Uitstekende koswyn.

2009 4 sterre R42.54 Chenin Blanc

Rijk's Iceberg White

Liggeel kleur met 'n verrassende jeugdigheid op die kleur vir 'n wyn van vyf jaar. Ligte sitrusgeure en 'n aantreklike mineraalagtigheid op die neus word voortgesit op die smaak. 'n Uitstekende suur/vrugbalans en 'n aantreklike neutagtigheid op die lang nasmaak. Heerlik vir 'n vyfjaar oue witwyn wat baie min veroudering toon.

2005 4 sterre R64.05 Wit Versnit

Alvi's Drift Chardonnay/Viognier

Strooigeel kleur. Pragtige blomagtige en ryk tropiese geure kom na vore. Dan ook 'n bietjie lemmetjie en kruie. Dis 'n komplekse en aromatiese wyn met 'n ligte soet geur aan die begin saam met perskes, sitrus en amandel. 'n Goed gebalanseerde wyn waar hout, vrug en suur mooi amalgameer en eindig met 'n lang nasmaak.

2008 4 sterre R57.00 Wit Versnit

Bon Courage Cabernet Sauvignon

Diep donkerpers-rooi kleur. Delikate Cabernet-geure van bloubessies, cassis en potloodskaafsels. Die wyn het 'n goeie struktuur met ryp vrugtegeure en mooi tannien onderbou. Dis sag en soepel op die smaak met 'n mooi afgeronde lang nasmaak.

2006 4 sterre R57.05 Cabernet Sauvignon

paarllabels
where printing is personal

Die spesialis in wyn-etikette.
Kwaliteit ... Innovasie ... Op tyd